# RESENSIES/REVIEWS

FOWLER, STUART. 1988. **The state in the light of the Scriptures.** Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese Studies. Brosjure F2:46. 52 pp. Prys: R4,00.

Resensent: Coenraad Burger (Dept. Handelsreg, PU vir CHO)

Die boek is 'n bundel lesings en referate wat die outeur oor 'n periode van twaalf jaar geskryf het. Hoewel daar latere ontwikkeling was in die outeur se denke oor die onderwerpe, was dit nietemin nie van so 'n aard dat enige van die bydraes herskryf was voor die samestelling van dié bundeltjie nie.

Dr. Fowler is 'n Australiese burger met 'n indrukwekkende lys publikasies. In hierdie bydrae bied hy baie interessante leesstof oor 'n onderwerp wat tans met oordrewe beklemtoning van pragmatiese en sogenaamde *funksionele* benaderings in moderne Westerse staatsteorieë, (met gevolglike inhoudslose, normledige staatsteorieë), aktueel is.

Die groot pluspunt van hierdie werkie is die feit dat dit werklik uitstekend slaag as *populêr-wetenskaplike* werk. Die boek kan met gemak deur Jan Alleman gelees en verstaan word. Dit is boonop van beperkte omvang, wat dit maklik verteerbaar maak. Die oogmerk met die versameling is om 'n Bybelse perspektief op die staat, owerheid, owerheidsgesag, die verhouding tussen kerk en staat en verset teen die owerheid te bied.

Dr. Fowler toon onmiddellik dat hy geen kompromieë wil aangaan met liberale gesekulariseerde denkstrome nie. Die idee grondliggend aan Westerse demokratiese denke, naamlik dat die staat sy oorsprong vind en uitsluitlik berus op 'n sosiale kontrak, word op baie oortuigende wyse weerlê. In dié verband argumenteer die skrywer:

> **It is not the people who may decide what authority the State can and cannot have. It is God who gives the authority and not the people. (p.3.)**

Die staat vind dus sy oorsprong in die Goddelike skeppingswil met die taak om geregtigheid te bevorder. Tot hiertoe stem ek heelhartig met die skrywer saam. Waar die staatsaak egter ingeklee word as *slegs* die bestrawwing van oortreders, moet 'n beswaar geopper word. Dit is myns insiens té eng. Eerder kan die idee onderliggend hieraan (selfs ook as die staat se uitsluitlike beskikking oor 'n verdedigingsmag (swaardmag) in

ag geneem word), beskou word as die reëling van 'n universele, juridiese interorde binne 'n betrokke landsgebied (H.G. Stoker "Die taak van die staat" (1970). Ongepubliseerde ere-professorale lesings, RAU 16).

In die analise van Romeine 13 val die klem ook grotendeels op die staat se strafbevoegdhede (p.6 e.v.) Hier word beklemtoning wel getemper met verwysings na die *Sphere Sovereignty Theory* (p. 27, 34). Ongelukkig is dié waardevolle, eg Calvinistiese insigte hier oorvereenvoudigd en selfs foutief weergegee.

Vir elke leser van die boek sal die bondige analise van die verskillende benaderings tot regeringsvorme, naamlik konserwatisme, sosialisme, pragmatisme en liberalisme baie insiggewend wees (p. 12-13). Die boek se werklike sterk punt lê egter in die helder, verstaanbare en soms verrassende analise van teorieë oor die verhouding tussen kerk en staat (p. 19 e.v.).

Hieronder word die Romeinse, Erastiaanse, Lutherse, klassiek-Reformatoriese, voluntaristiese en Dooyeweerdiaanse teorieë verduidelik. Ook is dit nie slegs 'n herhaling van oorbekende standpunte nie. Verhelderende vergelyking word ook tussen die teorieë getref. Op dié wyse word aangetoon dat die klassieke Reformatoriese teorie 'n aanpassing is van die Romeinse teorie. Fowler toon aan, wat die praktiese realiteite van die verhouding betref, dat die sogenaamde *hands off*-benadering onrealisties is (p. 38).

In hoofstuk 4 vind die skrywer se idees oor die Bybelse staatsbeskouing neerslag in 'n aantal praktiese wenke oor hoe om 'n Christelike drukgroep (*lobby*) te organiseer. In hierdie verband is dr. Fowler se ervaring duidelik. Hy merk op dat:

> Probably the least effective way of demonstrating popular backing for a lobbying cause is the presentation of petitions. (p.42.)

Ook waar is die volgende stelling:

> No experienced politician is likely to be impressed with the popular backing of a person who assumes that he or she has that backing merely because the church ... of which he or she is an official has a national membership of one, two or three million. (p.43.)

Die stellings word treffend geïllustreer deur die reklamestrategieë in die huidige intensiewe politieke wedywering in Suid-Afrika. Dit is immers 'n bekende feit dat mense nie aan 'n kerk behoort om polities verteenwoordig te word nie.

Dr. Fowler se versetsteorie is 'n teleurstellende aspek van die versameling opstelle. Hoewel hy wegspring met 'n eenvoudige, korrekte weergawe van die klassieke Refor-

matoriese versetsleer, val hy ongelukkig spoedig daarna vas met die sintese daarby van natuurregtelike standpunte. Die onderskeid tussen wat goeie, regverdige en billike wetgewing is, en die wettigheid van die wetgewingsproses word misken. Dit lei tot die stelling dat wetgewing wat behoorlik volgens die land se wetgewingsproses uitgevaardig is, maar wat nie aan die behorenseise van die Bybel voldoen nie, hoegenaamd nie geldende wetgewing is nie. 'n Implikasie hiervan is dat, omdat dit nie geldende reg is nie, die gewetensbeswaarde hom nie sal kan wend tot burgerlike ongehoorsaamheid (regsongehoorsaamheid) nie. Burgerlike ongehoorsaamheid is per definisie ongehoorsaamheid aan landswette wat die versetter uit hoofde van 'n gewetensbeswaar nie wil naleef nie en dus in die openbaar oortree (J.C. Burger, 1989. "Gesagsuitdaging en gesagsondermyning". *Woord en Daad* 13 (15), Maart.) Die onderskeid tussen geldende wetgewing en die Christen se gehoorsaamheidsplig ten aansien van wette wat in stryd is met God se wet, is nie verreken nie. Om wette te beskou asof hulle eenvoudig nie geld nie, sluit die weë vir effektiewe protes daarteen.

'n Ander aspek wat vermeld behoort te word, is dr. Fowler se beskouing van geweld. Volgens dr. Fowler tree 'n owerheid geweldadig op indien hy owerheidsmagte op 'n onregverdige wyse aanwend. Die kernbegrip *mag*, waarmee die begrippe *krag*, *gesag* en *geweld* etimologies vervleg is, is egter nie verduidelik nie. Die skrywer sê wel onomwonde: "The use of violence by anyone under any circumstances is always wrong." (p. 51.) Dié stelling verloor ongelukkig trefkrag omdat dit geargumenteer kan word dat die begrip *geweld* nie behoorlik afgebaken is nie.

Dr. Fowler se gemaklike skryfstyl sorg dat sy standpunte deurentyd verstaanbaar is. Ingewikkelde teorieë word op 'n helder, eenvoudige wyse oorgedra. Ten spyte van die paar aspekte waarmee daar verskil kan word, word die boekie sterk aanbeveel vir elkeen met 'n belangstelling in Christelike staatkunde.

LIEBENBERG, I. 1990. **Ideologie in konflik.** Bramley : Taurus. 173 pp. Prys nie vermeld nie.

Resensent: Albert Venter (Dept. Politieke Studies, RAU)

Teen die agtergrond van "politieke geweld en die politiek van geweld" poog Liebenberg om 'n "kliniese afstand te verkry" deur die verskillende ideologieë in Suid-Afrika onder die loep te neem. Hy poog, so skryf hy, om 'n *vars* blik op ideologiese mededinging in Suid-Afrika te gee (p. 12).

Liebenberg is bewus van die terminologiese mynveld waarin hy hom met die begrip *ideologie* begewe, maar poog nietemin om 'n *werksdefiniesie* van ideologie in die Suid-Afrikaanse konteks te gee. Hy volg 'n middeweg tussen die opvatting dat alle politieke

denke *per se* ideologies is, en die ander opvatting dat "ideological thinking is a direct challenge to political thinking". Wat hy met die begrip ideologie wil doen is om 'n definisie daarvan aan te bied wat die waarnemer in staat sal stel om mededingende ideologieë te beskryf en om afleidings te maak met die oog op remediërende stappe. Liebenberg wil dus 'n politieke arts wees wat 'n diagnose sowel as 'n prognose van Suid-Afrika se politieke siekte aanbied.

Sy werksdefinisie van ideologie is die volgende:

* 'n Ideologie wil 'n breë verklarende raamwerk bied deur 'n komprehensiewe diagnose van die euwels van hierdie wêreld en 'n daaropvolgende kuur van die euwels aan te bied. (Baie dieselfde as wat Liebenberg self wil doen met sy boek?)
* 'n Ideologie het 'n aksiegerigte komponent wat streef na die behoud, verandering of vernietiging van 'n bepaalde sosiale orde.
* Die aksieprogram het in sy praktiese toepassing sekere geïnstitusionaliseerde uitvloeisels.

Die ideologieë wat Liebenberg vervolgens ontleed is dan apartheid, die krisis van apartheid, ideologieë van die swart politiek: die ANC, die kongresalliansie, die PAC, Swart bewussyn, en die metamorfose van apartheid in die sekurokratiese staats-para-ideologie van die P.W. Botha-era. Die meeste van hierdie gedeeltes van die boek is gebaseer op nou reeds bekende navorsing oor die betrokke onderwerpe: die mitologisering van apartheid in die 30's en 40's, die aksieprogramme van 50-70's (baasskap tot afsonderlike ontwikkeling) en so meer. Ek is nie heeltemal oortuig daarvan dat wat Liebenberg hier aanbied as sodanig 'n vars blik is nie: sy steun op bekende werk maak dit 'n bykans onmoontlike opgaaf wat hy vir homself stel. Tog is die gedeeltes nuttige opsommings van die navorsing en kan dit byvoorbeeld goed gebruik word om studente in te lei in die fynere detail van die besondere ideologieë.

Die teks sistematiseer ook nie werklik die verskillende elemente van ideologieë wat die skrywer vir homself vooraf afgebaken het nie. In hierdie opsig word dit aan die leser self oorgelaat om te besluit wat die aksie-komponent, die ontledende komponent en die remediërende komponent van die betrokke ideologie nou eintlik is. Die mooiste insig wat die skrywer ontwikkel is, wat my betref, die gedagte dat laat apartheid in terme van die P.W. Botha-sekurokratisme, van mislukkings suksesse probeer maak het (p. 128). In dié verband voer Liebenberg ook 'n nuwe begrip in, naamlik die "para-ideologieë" van "totale aanslag" en "nuwe bedeling" (p. 107). Wat presies die verskil tussen 'n ideologie en para-ideologie is, word nie verduidelik nie. *Para* het verskillende betekenisse. Geneem uit Grieks: langsaan, anderkant, modifikasie. Uit Latyn: om te verdedig. Liebenberg se bespreking laat blyk dat hierdie gewoon aanpassings van

apartheidsideologie is (was?).

Met Liebenberg se gevolgtrekking het ek ook ietwat van 'n probleem: volgens die skrywer het die bestaan van kompeterende ideologieë in Suid-Afrika 'n botsing van belange- en belanghebbende groepe tot gevolg gehad. Die gevolge van dié botsings was toenemende polarisasie, geweld en teengeweld. By my ontstaan die fundamentele vraag of die botsing van belange nie die oorsaak moet wees nie, en dat die mededingende ideologieë gebruik is om opponente mee te demoniseer ensovoorts. Volgens die skrywer se eie werksdefinisie word ideologieë aangewend om 'n onbevredigende sosiale toestand te diagnoseer waarna 'n remedie of terapie in terme van 'n koherente aksieprogram aangebied word. Dit lyk eerder uit sy uiteensetting of ideologieë handige verdoeselingsinstrumente is om die werklikheid van byvoorbeeld belangebotsings in zero-som terme om te skakel. Ideologieë word dus gebruik om die werklikheid te oorvereenvoudig, 'n werklikheid waarin vriend en vyand dus sonder die nodige empiriese nuanses geïdentifiseer word, ensovoorts. Ook op grond daarvan gebeur dit dat ideologieë, ten spyte van 'n mate van soepelheid, tog uiteindelik voor die empiriese werklikheid moet swig: vergelyk die verval van byvoorbeeld apartheid en Sowjet-styl Stalinisme. In die hantering van die ideologieë se respektiewelike ontledings en voorstellings van die werklikheid as iets boos wat ten goede verander moet word, kon Liebenberg na my oordeel meer klem gelê het op hulle voorstelllings van boosheid en goedheid. Die ontleding oor apartheid dui dit in 'n mate aan, maar 'n mens kry die indruk dat daar met groter simpatie gekyk word na die *swart* ideologieë. In daardie opsig versaak Liebenberg ietwat sy eie opdrag om *kliniese afstand* oor sy onderwerpe te verkry.

Om op 'n positiewe noot af te sluit: Liebenberg se studie is 'n nuttige Baedeker vir die beginner deur die mynveld van Suid-Afrikaanse ideologieë. Hy slaag nie heeltemal daarin om sy selfopgelegde opdrag van 'n vars blik op die problematiek van mededingende ideologieë na te kom nie en het myns insiens die kousaliteitsvloei van die konflik in Suider-Afrika omgekeer.

DE VILLIERS, J. 1989. **Die *Cape Regiment*, 1806-1917. 'n Koloniale regiment in Britse diens.** (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Jg. 52. Deel I.) Pretoria : Die Staatsdrukker. 266 pp.

Resensent: S.L. Barnard (Dept. Geskiedenis, UOVS)

Die publikasie, *Die Cape Regiment*, is in sy oorspronklike vorm reeds byna 10 jaar terug as 'n proefskrif vir die graad D. Litt. et Phil. aan die Departement van Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, aanvaar. Die publikasie hiervan in 1989 in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Deel I, is 'n logiese afsluiting van die

navorsing wat De Villiers begin het met sy studie oor die Hottentotregimente aan die Kaap teen die einde van die 18de eeu.

Met die publikasie van hierdie werk word 'n belangrike leemte in die Suid-Afrikaanse historiografie in meer as een opsig gevul. Die *Cape Regiment* van De Villiers kan voortaan as een van die basiswerke van die krygsgeskiedenis asook die 19de-eeuse geskiedenis van die kleurling beskou word, veral wat sekere aspekte van hulle leefwyse en optrede betref. Alle werk oor hierdie tydvak in die geskiedenis sal deeglik moet kennis neem van die navorsing en gevolgtrekkings van De Villiers.

'n Tweede aspek wat die aandag trek, is die feit dat die outeur daarin slaag om die omstrede kwessie van kleur aan die begin van die 19de eeu in die Kaap op 'n wetenskaplik-gefundeerde wyse aan te pak. Vir 'n hele aantal dekades is in 'n sekere gedeelte van die gemeenskap aanvaar dat die rondtrekkende Hottentot een van die kernprobleme van die rassekonflik in veral die Oos-Kaap was. Die outeur kon met goeie bewysplase aantoon dat daar ook van die kant van enkele geïsoleerde trekboere minder gelukkige optredes teenoor die Hottentotte was. Die inhoud van hierdie publikasie is ewewigtig en vestig die aandag op die feit dat daar aan die begin van die 19de eeu in die Kaapse binneland in menige opsig 'n stryd om oorlewing gevoer is. Dit is juis hierin waar die geskiedenis van die enigste amptelike eenheid die basis vorm van die voortbestaan van die verskillende bevolkingsgroepe aan die Kaap.

In die publikasie word die gedagte beklemtoon dat die *Cape Regiment* 'n integrale deel uitgemaak het van die verdedigingstelsel van die Kaap. Daarby het die eenheid hoofsaaklik bestaan uit inwoners van die Kaap, aangevoer deur Britse offisiere. Die outeur beklemtoon die positiewe aspekte hiervan omdat die inwoners van die gebied vertroud met die omgewing was en by minstens een geleentheid beter as die Britse soldaat gevaar het.

Uit 'n sekere hoek gesien, kan die geskiedenis van die *Cape Regiment* ook as 'n stuk sosiale geskiedskrywing beskou word. Die leefwyse van nie slegs soldate nie, maar ook die ander inwoners van die gebied word aan die leser voorgehou. 'n Sprekende voorbeeld was die wyse waarop die soldate tydens 'n rusperiode eenvoudig 'n bees geslag en soos moderne sosaties oor die kole gebraai het. Hulle bevelvoerder wou selfs 'n weddenskap aangaan dat die soldate van die *Cape Regiment* 'n hele os binne 40 minute kon afslag en opeet.

Ander interessante aspekte wat ook onder die loep geneem is, is behuising, mediese dienste, drostery uit die kampe, godsdiensbeoefening en -oortuigings, mediese versorging, ensovoorts. In sommige opsigte het die outeur verkies om die fynste denkbare besonderhede in te sluit. Op p. 172 verwys die skrywer byvoorbeeld na die feit dat ds.

Van Lingen, die veldprediker van die eenheid, op Nuwejaarsdag 1815 uit Jesaja 54: 16-17 gepreek het. Hierdie fyn detail hinder die leser egter nie omdat die outeur dit slegs in uitsonderlike gevalle gebruik om 'n argument te beklemtoon.

Die navorsing en dokumentering van die werk is van die hoogste gehalte. Die skrywer het die bronne tot sy beskikking hier te lande asook oorsee uitgeput. Die verwysings is noukeurig, die indeling van die bronne is logies en konsekwent en dra by om die boek as naslaanbron uit hierdie tydvak in die Suid-Afrikaanse geskiedenis asook die krygsgeskiedenis te kan gebruik.

Die outeur het, soos in sy voorwoord verduidelik, op 'n tematiese indeling van die onderwerp besluit. Ten spyte van die ooglopende voordele, bly die lastige probleem dat daar meermale herhalings in die teks voorkom. Dit is ongelukkig, omdat dit die logiese gang van die argument verbreek en die leser dikwels die indruk kry dat hy alreeds met hierdie stof kennis gemaak het. 'n Enkele van talle voorbeelde is die outeur se argument dat die soldate van die *Cape Regiment* minder as hulle Britse eweknie betaal is. (Vgl. p. 35 en p. 225.)

'n Ander hinderlike aspek is die taalgebruik. In die eerste hoofstuk gaan die outeur in die oortreffende trap om met uitdrukkings soos *geniale* strategie (p.1), *verbluffende* tydsberekening(p.2), *briljante* taktiese maneuvrering (p.2) en *groteske* aglette (p.17). Hierdie woordkeuses kom egter slegs in hoofstuk 1 voor. Die persentasie woorde en uitdrukkings uit ander tale wat die outeur sonder enige verduideliking aanwend, is selfs meer hinderlik. 'n Paar van letterlik meer as 'n dosyn voorbeelde is *raison d'être* (p.6), *metief* (p.9). *nouveau riche*(p. 12), *interregnum* (p.6), *unitas fratrum* (p. 147), *parri passa* (p. 152), *façon de parler* (p. 198). Hierdie gebruikmaking van onbekende begrippe doen afbreuk aan 'n stuk wat deurgaans netjies versorg is en in 'n maklike leestrant aangebied word.

Wat die inhoud betref, is daar twee sake waaraan die outeur aandag kon skenk. In hoofstuk 1 word die agtergrond van die Britse militêre stelsel netjies weergegee. Die agtergrond vir die Kaap bly egter agterweë. 'n Kort bespreking van die Kaap en veral rasseverhoudings kon die oningeligte leser veel meer op hoogte van sake gebring het. 'n Ander faset wat beslis deur die outeur in veel groter besonderhede hanteer moes word, is die opleiding van die eenheid. Op p. 139 gebruik die outeur slegs een paragraaf om hierdie kernbegrip te verduidelik. Vanweë die weglating van hierdie deel van die werk ontstaan daar sovele vrae oor die wyse van opleiding, die uitvoer van ingeoefende optredes, die reaksie by die lede van die eenheid ten opsigte van take wat aan hulle opgedra is, ensovoorts.

Die publikasie word aangevul met sewentien illustrasies en kaarte, sowel as ses bylaes

wat onder andere vergelykende statistiek insluit oor finansiële begrippe, wapentuig en toebehore, getalsterktes, naamlyste van offisiere ensovoorts insluit.

*Die Cape Regiment* is 'n werk met meriete, is deeglik nagevors en kan as een van die standaardwerke oor die krygsgeskiedenis van die Kaap in die 19de eeu beskou word. Ook die gewone leser sal dit 'n interessante publikasie vind.

VAN DYKE, H. 1989. **Groen van Prinsterer's Lectures on Unbelief and Revolution.** Ontario : Wedge publishing foundation. 561 p.

Resensent: A. le R. du Plooy (Dept. Kerkreg, PU vir CHO)

Hierdie interessante publikasie bevat nie net 'n Engelse vertaling van die bekende boek van Groen van Prinsterer, naamlik *Ongeloof en Revolutie* (1847) nie, maar ook 'n indringende analise en bespreking van die inhoud daarvan.

Sedert sy eerste verskyning in 1847 het Groen van Prinsterer se boek oor ongeloof en rewolusie met verloop van tyd 'n groot aantal herdrukke en nuwe uitgawes ondergaan, waarvan die laaste herdruk in 1976 verskyn het. Hierdie herdrukke was konsekwent in Nederlands. Daar was wel gedeeltes wat in ander tale vertaal is, maar bogenoemde publikasie van Van Dyke bevat die eerste volledige vertaling daarvan in 'n ander taal, en wel in Engels.

Die primêre doel van Van Dyke is om die boek vir 'n wyer leserspubliek in die wêreld makliker toeganklik te maak. In die lig van heelwat negatiewe kritiek wat al oor die boek van Groen van Prinsterer gelewer is, wil Van Dyke opnuut weer die boek bekend stel om onder meer vas te stel of al die negatiewe kritiek werklik geldig is.

Die outeur se werkwyse is om eers die boek *Ongeloof en Revolutie* in die konteks van sy tyd en omstandighede te plaas; daarna volg 'n analise van die inhoud daarvan. Die vertaling daarvan in Engels is aan die einde as 'n afsonderlike bylaag bygevoeg.

In hoofstukke 1 en 2 word 'n oorsig gegee oor die sogenaamde "restourasietydperk", naamlik die eerste helfte van die negentiende eeu waartydens die bundel lesings van Groen van Prinsterer gelewer is. In die Nederland van destyds wat in die greep van die rewolusie gevang was, het dit op ekonomiese, politieke, kulturele, maatskaplike en godsdienstige terreine sleg gegaan. In daardie era het Groen by die Reveil onder leiding van Bilderdijk en Da Costa aangesluit en sterk in reaksie gekom teen die gees van ongeloof en rewolusie. Groen se sentrale gedagte is dat die rewolusie die direkte gevolg is van ongeloof en godloosheid.

In hoofstuk 3 word 'n mooi oorsig oor die lewe en werk van Groen gegee, en word aangetoon dat hy sy voordragte oor ongeloof en rewolusie direk laat volg en laat aansluit het by sy boek getitel *Handboek der Geschiedenis van het Vaderland.* Die rewolusionêre tydvak (1795-1845) in die geskiedenis van Nederland het vir Groen aangegryp en laat besluit om 'n dieptestudie daarvan te maak.

In die res van Van Dyke se uiteensetting bepaal hy hom by die boek van Van Prinsterer. Hy gee eers 'n bespreking van die lesings van Groen (hoofstuk 4-8); daarna bespreek hy die struktuur, die verskillende publikasies daarvan en ook vertalings wat daarvan gemaak is (hoofstuk 9-12). In die laaste hoofstuk word aandag gegee aan die kontroversiële aangeleenthede waartoe die boek al aanleiding gegee het.

Wat belangrik is, is dat die publikasie lig werp op die problematiek in Nederland en ander Europese lande gedurende die negentiende eeu. In ons wêreld van vandag waar steeds rewolusionêre winde waai, is dit belangrik dat kennis geneem word van die rewolusies van die laat agtiende eeu en van die negentiende eeu. In hierdie sin behoort dit veral vir teoloë en filosowe interessante en insiggewende leesstof te bied.

Groen van Prinsterer word tereg geskets as 'n besonder geleerde wetenskaplike met diepsinnige insigte en visies. Hy was 'n oortuigde Christen met groot bewondering vir die eeu van die Reformasie en 'n diepe afkeer van ongeloof en rewolusie.

Insigte van Groen van Prinsterer wat Van Dyke pertinent na vore bring en wat vandag besonderlik tot ons spreek, is byvoorbeeld die volgende:

Vir die aanvoeling van Groen het die politieke spektrum van sy tyd geen beduidende keuse vir die volk gebied nie. Volgens Groen het die politiek slegs drie keuses gebied.

- Eerstens was daar die radikale en fanatieke linkse groep mense wat vas geglo het aan die godlose ideologie van rewolusie.
- Tweedens was daar die liberale middelgroep. Hulle motto was *media tusissimus nobis* (p. 95) (die middeweg is vir ons die veiligste). Hulle pleit slegs vir gematigheid.
- Derdens was daar die konserwatiewe regse groep. Van hulle sê hy die volgende: "... the *conservative right* embraced all those who lacked either the insight, the prudence, or the will to break with the modern tenets yet who recoiled from the consequences whenever the ideology was practised and implemented in any consistent way" (p.4).

Groen betoog dat nie een van hierdie benaderinge vir 'n Christen die moeite werd is om te aanvaar nie. Hy pleit vir 'n konsekwente Christelike, anti-rewolusionêre en radikale alternatief wat langs die Christelik-historiese lyne uitgewerk moet word.

Dit is moontlik dat dit juis hierdie standpunte van Groen was wat 'n teoloog en staatsman soos A. Kuyper in die latere tydperk geinspireer het!

Van Dyke het groot waardering vir Groen van Prinsterer, maar bedoel nie om die leser te indoktrineer met sy denke nie. Hy is waarderend teenoor hom, maar tegelyk ook krities.

Die publikasie is inderdaad die moeite werd om te lees!

Dit is jammer dat die slapbanduitgawe wat ek ter hand geneem het, nie die hantering van veel meer lesers sal oorleef nie. Die uitgewers kon so 'n lywige publikasie beter versorg het.

VERSAMELWERK. 1989 Vensters vir Bejaardes. Potchefstroom : IRS/pu vir CHO. 223 p. Prys: R12,00.

Resensent: H.J. van der Merwe (Dept. Studentevoorligtingsdiens, PU vir CHO)

Soos die titel van die boek aandui, is daar uitnemend in geslaag om vensters oop te kry sodat daardeur op realisties-feitelike wyse gekyk kan word na die bejaarde se lewe, sy wêreld en alles wat daarmee saamhang.

Die inhoud is hanteerbaar vir die meeste potensiële lesers en voorsien ook in die behoefte van persone en personeel wat help met die versorging van die bejaarde. 'n Goeie balans is deurgaans gehandhaaf tussen navorsingsverwysings en prakties-alledaagse kennis en ervaringe. Die geleentheid word ook daargestel vir persone wat verdere wetenskaplike inligting soek om na die primêre bronne, soos aangetoon in die bronnelys, terug te kan gaan.

Vir toepaslike kennis en inligting is die boek 'n moet vir die bejaarde, die toekomstige bejaarde en die hulpprofessies.

Die publikasie kan, sover dit die bejaarde betref, opgesom word as 'n "alles-en-nog-wat"-hantering van probleemareas wat opduik en 'n besondere verankerdheid in die geloof wat voortdurend beklemtoon word deur die skrywers. In geloof, hoop en liefde moet ook hierdie fase van die lewe realiseer.

'n Pluimpie vir die IRS met 'n baie toepaslike en mooi gebalanseerde toevoeging tot die alombekende vensterreeks.

MÜLLER, JULIAN. 1990. Die erediens as fees. Pretoria : NG Kerkboekhandel 1988 (Edms.) Bpk.

Resensent: Jan J. van der Walt (Dept. Diakoniologie (emeritus) - PU vir CHO)

Die lees van *Die erediens as fees* was inderdaad 'n fees.

Onmiddellik by die aanvang en voorwoord tot die publikasie wek Müller met sy pretensielose, regstreekse styl vertroue dat hy 'n eerlike denker is. Die leser ervaar dit as die moeite werd om met die gedagtes wat Müller neergeskryf het, betrokke te raak - en so bly dit tot die einde van die boek.

Müller sê "... die erediens is ten diepste God se saak en daarom ... 'n modus wat soms vreemd, anders en dwars kan wees". Dit sou 'n winspunt gewees het as hy berekend sy stof deur die hele boek met hierdie helder lig deurlig het. Hy beoordeel en beskryf in die voortgang van die boek die praktyk van die erediens, waarna hy met 'n "funksionele oog ... kyk" ... "om die diepste betekenis daarvan vir die gemeente en gelowige te ontgin".

Müller noem die erediens "die fees van die Gees" deur die erediens te belig vanuit Efesiërs 5:18-20. Weer eens, dit sou 'n winspunt gewees het as die skrywer deur die hele boek heen die leser gelei het om saam met hom deur hierdie bril na die erediens te kyk.

Met die lees van die publikasie word 'n mens getref deur die helder, eerlike en waardevolle insigte waartoe Müller jou lei. 'n Paar daarvan word aangestip om die leser te prikkel om self met hierdie boek in gesprek te tree.

Müller staan vry van die eensydigheid om die lied in die erediens vas te vang binne die gesegde "Psalms is gebede", asof daarin alle wysheid oor die eredienslied vasgevang is. As die Reformatore van die 16de eeu sê "Psalms is gebede" moet dit gehoor word binne die konteks van hulle opvatting oor die "diens van die gebede", naamlik die mens se aandeel aan die erediens in die ontmoeting met God. Die perspektief wat Müller vanuit Efesiërs 5:19 open, naamlik dat die gemeente met die eredienslied ook met en tot mekaar praat om die inhoud van 'n lied aan mekaar oor te dra, word deur die kommentaar van Calvyn op die Psalms bevestig. Die betekenis van die eredienslied in sy ryke geskakeerdheid word deur Müller opgevang: "Daarom is dit een van die wesenlike kenmerke van die erediens dat gelowiges op mekaar gerig is en met mekaar begin praat ... op die mooiste denkbare manier: hulle sing tot mekaar!".

Die lied in die erediens is gebed, ja, maar nie uitsluitlik dit nie, soos onder andere Psalm 66:7 (berym) en Psalm 95 ondubbelsinnig getuig. Daarom is die eentonige

liturgiese aanwending van die lied as 'n *reaksie* ('n antwoord op ...", of: "voor die preek ...", of: "tot inleiding van ...") 'n *armoedige* gebruik van die eredienslied. Die lied het sy eie plek en meervoudige diens en moet in die diens *in eie reg* gebruik word om die gemeente hulle gebed of belydenis of verkondiging saam te laat uitspreek én om tot of met mekaar te praat ter bemoediging of vermaning én om saam te getuig, selfs tot mekaar te getuig. Deur die eredienslied kom die medewerking van die gelowiges tot die volledigste uiting - ongevoelige negering of wanaanwending van die lied in die erediens is een van die grootste oorsake daarvan dat baie ernstige gelowiges die erediens as 'n stuk passiwiteit ervaar. Die gesprek tussen "volk" en "priesters", soos in die berymde Psalm 134, kan tog seker Nuwe-Testamenties voortgaan tussen kerkraad en gemeente sonder om verwerplik te wees?

Müller bestee sy tweede hoofstuk aan "Die fees van die gemeente" met die bedoeling "om uiting te gee aan die werking van die Gees". 'n Mens sug saam met hom : "Hoe tragies is die feesloosheid van baie eredienste!" - op Sondag, die opstandingsdag! Daarom is "alles in die erediens 'n saak van dodelike erns, maar dan altyd feestelike erns".

Die erediens *is* "die diens van die gemeente". Müller het gelyk in sy protes teen 'n nuwerwetse neiging: "Dit is liturgies baie onaanvaarbaar dat die leraar die gemeente 'namens' die kerkraad 'verwelkom' in die erediens. So asof die liturgie die saak van die dominee en die kerkraad is, terwyl die gemeente as besoekers verwelkom moet word." Hy kon hierby ook maar die polietse " ... goeie môre gemeente" bygevoeg het.

By die fees van die gemeente betrek hy die *kinders* (klein en groot) voluit. Sy reguit uitsprake hieroor is tydig en nodig. "Voordat die kind en jongmens sy volwaardige plek in die erediens sal inneem, sal daar 'n radikale bekering in die gedagtes en gesindheid van die volwasse lidmate moet plaasvind. Daar is skynbaar 'n weerstand by baie volwasse kerkgangers (erediensgangers? - J.J. v.d.W.) teen die kind in hulle midde. Daarom is baie van die pogings wat 'ter wille' van die kinders aangewend word, ten diepste ter wille van die volwassenes ... Ons moenie vergeet dat die dissipels ook die kinders wou saal toe stuur, maar dat Jesus dit nie wou toelaat nie! ... As daar nie ruimte gemaak word vir kinders in die hart van die gemeentelike samekoms nie, word die kinderdoop op die lang duur 'n niksseggende simbool want wat dit wil simboliseer, naamlik dat kinders voluit deel van die gemeente is, kry nêrens gestalte nie ... Die kinders is net lastig en daarom verskaf ons, terwille van onsself, êrens 'n speelkerkie sodat ons gewetens darem ook gesus kan bly! ... 'n Kinderkerk sal vervlak tot 'n speel-speel kerk en 'n oumenskerk sal verstar".

Met hierdie instemmende en waarderende verwysings sal nog ruim voortgegaan kan word. Ek meen die saak is gestel: dit is meer as die moeite werd om hierdie boek te

lees en jou oor Müller se uitsprake te verantwoord.

Müller se reguit styl en sy eerlike standpuntstelling verleen vrymoedigheid om aan hom agting te bewys deur ook punte van diskussie te opper.

Dit kom my voor asof Müller homself weerspreek oor die "seëngroet". Hy wil hê die voorganger moet sê: "Nou groet *ek* (my kursivering - J.J. v.d.W) julle in die Naam van die Here" (p. 62). Maar elders (p.61) sê hy dat "... die groet die meer jubelende versekering is dat *God* (my kursivering - J.J. v.d.W) sy gemeente met ope arms ontvang ... In die Bybel het die seën die betekenis van 'n reeds verhoorde gebed!" Die *kernvraag* is nie of die aanvangseën 'n groet is al dan nie, maar *wie groet?* Groet "ek" of groet God? Bedien ek die groet *van God*? Is die *seën*groet van God as (soos hy sê) "'n verhoorde gebed" nie 'n toesegging van seën uit die mond van God nie? En gee die Skrif nie vir Sy toesegging van seën 'n gebaar voorgeskrywe (en nie bloot beskrywe) nie in Levitikus 9:22 en Lukas 24:50 nie?

Die Joodse groet - voorarm in 'n negentig-grade hoek met die bo-arm en stywe, oop handpalm na die gemeente - lyk vir Müller na 'n "verkeerskonstabel". Nou ja, dit is die probleem met die blote groet! Die voorstel wat Müller maak ('n wuiwende gebaar) lyk vir my *ewe* onvanpas. Die voorganger met die wuiwende gebaar, wat volgens Müller "namens die Here praat" sal menige erediensganger laat dink hy sê ook maar net ewe beleefd "goeie môre, gemeente" met 'n "ek"-groet sonder die seën van God.

'n Tweede saak raak 'n uitspraak oor die Nagmaal: "Aan sy tafel is ons gaste". Müller sê heugelike dinge oor die Nagmaal, maar met hierdie stelling verwar hy my. Is Nagmaal die gemeenskap van 'n gasheer met gaste net soos toe Jesus saam met die tollenaars (Luk. 15:2) en die dissipels (Joh. 21:12,13) aan tafel was? Of het Jesus met die instelling van die Nagmaal juis uit 'n verhouding van gasheer en gaste by 'n maaltyd *oorgegaan* na 'n verhouding van *Brood* en *eters*? Is die wesenlike van die Nagmaal om *saam met* Jesus te wees of om één met Hom te wees, Hóm te eet en drink sodat Hy in ons en ons in Hom is (Joh. 6:56, vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 35: *Hom eet*)? Wat is die geloofsbelewenis in die verhouding van Gasheer en gaste? En wat is die leerstellige betekenis van hierdie verhouding? Toe Jesus Homself as die Brood op die Nagmaalstafel geplaas het, was Hy "soos een wat dien" (Luk. 22:27; Joh. 13). Die Nagmaal druk nie omgang met die Here Jesus Christus uit nie, *maar eenheid met Hom*.

Müller maak 'n sterk uitspraak oor die noem van 'n dopeling se familienaam met die doop: "Juis omdat in die doop nie gewerk word met die natuurlike geslagslyn nie, maar met die genade- of verbondslyn, moet die familienaam doelbewus weggelaat word en slegs die voornaam(name) gebruik word." Is dit 'n skeiding van natuur en genade? Sluit die genade dan die natuurlike uit? Dit tog nie! Die verbondslyn in die

Bybel loop in die natuurlike geslagslyne: Abraham en sy nageslag (Gen. 15) en die gelowiges en hulle kinders (Hand. 2:39). Om die natuurlike lyn, die familienaam, van die verbond los te maak, is om die verbond 'n verbond met 'n klomp los enkelinge te maak. Dan is die grond van die kinderdoop daarmee heen en die uitverkorenes is nie meer die *mensheid* nie, maar 144 000 enkelinge. So 'n leer sou in regstreekse stryd met die Bybel wees, want Romeine 9-11 leer die volk van God is die boom en dié wat verlore gaan, is die afgekapte (sonder natuurlike geslagslyn) takke. Onteenseglik, die verbond is persoonlik, maar binne die geslagslyn, en juis daarom moet die dopeling op die *volle naam van sy persoon* aangespreek word.

Dr. Julian Müller is (by skrywe hiervan) D.V. eersdaags met sy taak as dosent aan die Universiteit van Pretoria, Teologiese Fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, besig. Aan hom wat met soveel liefde en insig, so deurtastend en eerlik oor die liturgie skrywe, wens ek van harte toe: mag die Here jou werk seën en jou behoed.

**Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat** (met bylaes), deel VII (1863), geredigeer deur S.P.R. Oosthuizen. (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Oranje-Vrystaat, no. 7.) Pretoria : Staatsdrukker, 1990. 346 pp.

Resensent: P. de Klerk (Dept. Geskiedenis. PU vir CHO, Vaaldriehoekkampus)

Hierdie bronnepublikasie in die reeks Suid-Afrikaanse Argiefstukke, uitgegee onder redaksie van die Direkteur van Argiewe en die Argiefkommissie, bevat die notules van die gewone Volksraadvergadering van Februarie - Maart 1863 (pp. 3-66) en die buitengewone vergadering van Junie 1863 (pp. 67-83) asook 'n aantal bylaes (pp. 87-338), onder meer briewe, verslae en memories wat deur die Volksraad behandel is. Die oorspronklike geskrewe notule is as basis vir hierdie publikasie gebruik, en gedrukte tekste in die *Gouvernements Courant* en in die koerant, *The Friend*, is daarmee vergelyk. In voetnote word aangedui waar daar verskille tussen die tekste bestaan. Die bylaes is uit verskillende argiefgroepe geneem. 'n Aantal bylaes, waarna in die notule verwys word, kon nie opgespoor word nie, soos op pp. xiii tot xiv aangedui. Die oorspronklike taal en spelling van die stukke is onveranderd gelaat, hoewel soms leestekens aangebring of gewysig is ter wille van leesbaarheid. (Waar dit gedoen is, word dit in 'n voetnoot aangedui.) In sy geheel gesien, getuig hierdie publikasie van deeglike en noukeurige bronneredigering.

Die verskyning van hierdie publikasie is van groot belang vir Suid-Afrikaanse historici. Uit hierdie werk kan, soos uit geen ander bestaande geskiedwerk nie, 'n beeld gevorm word van die politieke, ekonomiese en maatskaplike omstandighede in die Oranje-Vrystaat teen 1863. 1863 was 'n moeilike jaar in die lotgevalle van die jong republiek. Grensprobleme met die Basoeto het ernstige afmetings begin aanneem en die repu-

bliek is al meer betrek by die burgeroorlog in Transvaal, veral ook deurdat die Vrystaatse president, M. W. Pretorius, steeds by die Transvaalse woelinge betrokke gebly en in dié jaar ook as president van die O.V.S. bedank het. Gedurende sy afwesigheid het J. Allison as president waargeneem. Allison, wie se naam telkens in die boek opduik, is 'n interessante figuur in die vroeë Vrystaatse geskiedenis. Gebore in Ierland het hy as kind met die Britse setlaars na Suid-Afrika gekom. Hy het hom in 1839 in die gebied noord van die Oranjerivier gevestig. Na die Britse anneksasie van die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier in 1848 het hy 'n amptenaar in die nuwe administrasie en vriend en raadgewer van die Britse resident, majoor Warden, geword. Toe die Vrystaatse Republiek in 1854 tot stand gekom het, het hy aanvanklik geweier om 'n permanente betrekking in die staatsdiens te aanvaar, maar later het hy 'n Volksraadlid en in 1862 Staatsekretaris geword. Na Pretorius se bedanking het Allison as waarnemende president die buitengewone Volksraadsvergadering van Junie 1863 byeengeroep, waar J.J. Venter met 'n meerderheid van stemme bo Allison as "fungerende" president verkies (p. 72) en J.H. Brand as die Volksraad se kandidaat vir die presidentskap aangewys is. Die nuwe president moes deur die burgers verkies word. Voorstelle dat die voormalige Vrystaatse staatspresident J.N. Boshoff en F.W. Reitz (wie se seun later wel president sou word) ook as kandidate benoem word, is deur die Volksraad verwerp (pp. 73-74).

'n Verdere interessante besonderheid wat in die werk na vore kom, is dat die Volksraad in 1863 by twee geleenthede as appèlhof opgetree het en appèlle teen die uitsprake wat die Uitvoerende Raad as Hof van Appèl gelewer het, aangehoor het. In die twee sake, wat oor die toekenning en die grense van plase gehandel het, het advokate, onder wie H.A.L. Hamelberg (ook 'n bekende figuur in die vroeë Vrystaatse geskiedenis), pleidooie voor die Volksraad as appèlhof gelewer.

Met 'n volledige inhoudsopgawe en indeks is hierdie bronnepublikasie maklik as naslaanbron toeganklik. Die tipografie en druk-en bindwerk is van hoë gehalte.

# BOEKAANKONDIGINGS/PUBLICATION ANNOUNCEMENTS

PHILLIPS, H. 1990. **'Black October': the impact of the Spanish Influenza Epidemic of 1918 on South Africa.** (Archives Year Book for South African History. Fifty-third Year - Vol. 1) Pretoria : The Government Printer. 281 pp.

This extensive study deals with the following issues:

* The course and local responses, including the gold mines of the Rand, Cape Town, Kimberley, Bloemfontein and Transkei.
* The course and the national response - especially the Public Health Department.
* Fundamental contemporary questions concerning *inter alia* what Spanish Flu was, the medical and lay opinion as to its nature and treatment, popular and religious explanations of its cause, etc.
* The results at national level concerning the toll, the immediate aftermath, the consequences of the Spanish influenza epidemic, etc.

A few maps, tables and illustrations as well as a detailed bibliography form part of this publication.

BOEYENS, J.C.A. 1990. **Die konflik tussen die Venda en die Blankes in Transvaal, 1864-1869. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Jaargang 53. Deel II.) Pretoria : Die Staatsdrukker. 115 pp.**

In hierdie publikasie word aangetoon hoe die konflik in Zoutpansberg ontstaan het, die wyse waarop vyandelikhede uitgekring het, die ontruiming van Schoemansdal, die hernieude pogings wat deur die Z.A.R. aangewend is om die Venda te onderwerp en die wyse waarop die orde weer grootliks herstel is.
Die publikasie is ook voorsien van 'n bronnelys en 'n indeks.

KRAUSE, A.E. 1990. **Die Lichtenburgse alluviale diamantdelwerye, 1926-1945: 'n sosio-ekonomiese geskiedenis. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Jaargang 53. Deel II.) Pretoria : Die Staatsdrukker. 144 pp.**

Die onderskeie hoofstukke van hierdie publikasie handel oor die ontdekking van diamante by Lichtenburg, asook die ontginning en bemarking daarvan. Verder word aandag gegee aan die alledaagse bedrywighede van die delwers, die geestelike lewe van en onderwysvoorsiening aan die delwersgemeenskap. Aspekte soos gesondheidstoestande en mediese dienste asook die versorging van die behoeftige delwers word ook bespreek. In die slothoofstuk word die betekenis van die alluviale diamantdelwerye vir Lichtenburg en omgewing onder die loep geneem.
Soos die ander publikasies van die Argiefjaarboek is hierdie studie ook voorsien van 'n bronnelys en indeks.